


# FILMFEES

# FILMFEES

## DAGPROGRAM

Die Filmfeesprogram is saamgestel met volwasse gehore in gedagte. Kinders onder 13 moet deur 'n volwassene vergesel word. Alle Afrikaanse films het Engelse onderskrifte.

| VRYDAG 1 MAART | | |
|---|---|---|
| 10:30 | Die leeftyd van 'n orgidee | Pulp Cinema Neelsie |
| 10:30 | Baai-baai Josef K | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:00 | Haatklop | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:00 | Grys | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:30 | 'n Kombi, 'n kampeelperd en 'n camcorder | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:30 | Kromkieriefontein | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Nag van die ondier | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | 'n Sterrejag | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:30 | Tuiskoms | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:30 | Uitstappie | Pulp Cinema Neelsie |
| 13:00 | Axis mundi | Pulp Cinema Neelsie |
| 13:30 | Benjamin | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Buiteperd | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:30 | Cowboy Dan | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | Die invloed | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:30 | Die ongenooides | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Fluit-fluit | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:30 | Kloof | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:00 | Nama-swaan | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:30 | Non(Kompos)Mentis | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | The Fun's Not Over - The James Phillips Story | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | Ellen: Die storie van Ellen Pakkies | Pulp Cinema Neelsie |
| **SATERDAG 2 MAART** | | |
| 10:30 | Goldblatt | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Baai-baai Josef K | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Die leeftyd van n orgidee | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:30 | Grys | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:30 | Haatklop | Pulp Cinema Neelsie |
| 13:00 | The Reports on Sarah and Saleem | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | 'n Kombi, 'n kampeelperd en 'n camcorder | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Kromkieriefontein | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:30 | High Fantasy | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Nommer 37 | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | Kanarie | Pulp Cinema Neelsie |
| **SONDAG 3 MAART** | | |
| 10:30 | Nag van die ondier | Pulp Cinema Neelsie |
| 10:30 | 'n Sterrejag | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:00 | Tuiskoms | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:00 | Uitstappie | Pulp Cinema Neelsie |

| | | |
|---|---|---|
| **SONDAG 3 MAART** | | |
| 11:30 | Axis mundi | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Five Fingers for Marseilles | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Whispering Truth to Power | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | The Tale | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Dominee Tienie | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | Die seemeeu | Pulp Cinema Neelsie |
| **MAANDAG 4 MAART** | | |
| 10:30 | The State Against Nelson Mandela and the Others | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:30 | Sisters of the Wilderness | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:30 | Buiteperd | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | Benjamin | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:30 | The Colour of Wine | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:00 | 100% Stellenbosch | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Ellen: Die storie van Ellen Pakkies | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | V&A met Ellen se regisseur en vervaardigers | Pulp Cinema Neelsie |
| **DINSDAG 5 MAART** | | |
| 10:30 | Not in My Neighbourhood | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Gurrumul | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Cowboy Dan | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:30 | Die invloed | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | Die ongenooides | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:30 | Fluit-fluit | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Kloof | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:30 | Nama-swaan | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:00 | Non(Kompos)Mentis | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:30 | Exorcist of Apartheid | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Whispering Truth to Power | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | High Fantasy | Pulp Cinema Neelsie |
| **WOENSDAG 6 MAART** | | |
| 10:30 | Lesing: Andries Bezuidenhout oor die Olwagen-trilogie | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Sisters of the Wilderness | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Baai-baai Josef K | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Die leeftyd van 'n orgidee | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:30 | Grys | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:30 | Haatklop | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | 'n Kombi, 'n kampeelperd en 'n camcorder | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | Kromkieriefontein | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:30 | Nag van die ondier | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:30 | 'n Sterrejag | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Tuiskoms | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Uitstappie | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:30 | Axis mundi | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:00 | Benjamin | Pulp Cinema Neelsie |

| | | |
|---|---|---|
| **WOENSDAG 6 MAART** | | |
| 17:30 | Buiteperd | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Johnny is nie dood nie | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | The Fun's Not Over - The James Phillips Story | Pulp Cinema Neelsie |
| **DONDERDAG 7 MAART** | | |
| 10:30 | Cowboy Dan | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:00 | Die invloed | Pulp Cinema Neelsie |
| 11:30 | Die ongenooides | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | The State Against Nelson Mandela and the Others | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Not in My Neighbourhood | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Cowboy Dan | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:30 | Die invloed | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:00 | The Colour of Wine | Pulp Cinema Neelsie |
| 19:00 | Praatjie: Prof. Karaan in gesprek met wynmakers in The Colour of Wine | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | Five Fingers for Marseilles | Pulp Cinema Neelsie |
| **VRYDAG 8 MAART** | | |
| 10:30 | Exorcist of Apartheid | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:00 | Goldblatt | Pulp Cinema Neelsie |
| 13:30 | Whispering Truth to Power | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | Praatjie: Madonsela in gesprek met die filmmaker Shameela Seedat | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Not in My Neighbourhood | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Dominee Tienie | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | The Reports on Sarah and Saleem | Pulp Cinema Neelsie |
| **SATERDAG 9 MAART** | | |
| 10:30 | Ellen: Die storie van Ellen Pakkies | Pulp Cinema Neelsie |
| 13:00 | V&A met Ellen se regisseur en vervaardigers | Pulp Cinema Neelsie |
| 14:00 | Johnny is nie dood nie | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | The Tale | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | 100% Stellenbosch | Pulp Cinema Neelsie |
| 19:00 | Geselligheid vir voorskou van Die seemeeu met akteurs en vervaardigers | Pulp Cinema Neelsie |
| 20:00 | Die seemeeu | Pulp Cinema Neelsie |
| **SONDAG 10 MAART** | | |
| 10:30 | Gurrumul | Pulp Cinema Neelsie |
| 12:30 | Nommer 37 | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:00 | Die ongenooides | Pulp Cinema Neelsie |
| 15:30 | Fluit-fluit | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:00 | Kloof | Pulp Cinema Neelsie |
| 16:30 | Nama-swaan | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:00 | Non(Kompos)Mentis | Pulp Cinema Neelsie |
| 17:30 | Exorcist of Apartheid | Pulp Cinema Neelsie |
| 18:00 | Kanarie | Pulp Cinema Neelsie |




# SPEELFILMS

## DOMINEE TIENIE

**Regie & draaiboek:** Sallas de Jager (gegrond op die eenmanstuk deur Dana Snyman)
**Met:** Frank Opperman, Henriëtta Gryffenberg, Thapelo Mokoena, Regardt van den Bergh, Paul Eilers, Carel Nel, Annette Engelbrecht, Gerrit Schoonhoven, Izel Bezuidenhout, Luan Jacobs, Laré Birk, Deon Lotz e.a.

Ná 16 jaar as predikant van die Moedergemeente word Tienie Benade gekonfronteer met 'n geweldige daling in bywoning. Is daar nog 'n plek vir predikante of die kerk in hierdie wêreld? Hy probeer sy bes om aan te pas en sin te maak van die veranderinge, maar in die proses vervreem hy sy vrou en kinders. Ná 'n insident met 'n sterwende boemelaar is Tienie by 'n kruispad. Sal hy sy selfvertroue en die liefde van sy gesin kan terugwen en sal hy dapper genoeg wees om sy gemeente in 'n nuwe era in te lei?

**3 Maart** 18:00 | **8 Maart** 18:00
Pulp Cinema Neelsie | 97 min
R40 | R50 by die deur (A)

## FIVE FINGERS FOR MARSEILLES

**Regie:** Michael Matthews
**Draaiboek:** Sean Drummond
**Met:** Vuyo Dabula, Zethu Dlomo, Kenneth Nkosi, Brendon Daniels, Hamilton Dhlamini e.a.

*Sotho met Engelse onderskrifte*

*Vyf toekennings by die Africa Movie Academy Awards (AMAA) 2018, insluitend: Beste rolprent en Beste rolprent in 'n Afrika-taal*

Dié Sotho-Western is al in die buiteland bestempel as " 'n nuwe wending in Afrika-rolprentkuns." Dit handel oor die dapper Five Fingers-bende wat slaags raak met die korrupte polisie in hul armoedige Oos-Kaapse tuisdorpie, Marseilles. Wanneer Tau twee polisiemanne skiet, moet hy vlug en sy vriende en familie agterlaat. Twintig jaar later word hy uit die tronk vrygelaat en keer hy as die berugte "Leeu van Marseilles" terug na sy tuisdorp, waar 'n heel ander oorlog op hom wag.

**3 Maart** 12:00 | **7 Maart** 20:00
Pulp Cinema Neelsie | 107 min
R40 | R50 by die deur (E)

## NOMMER 37

**Regie:** Nosipho Dumisa
**Draaiboek:** Nosipho Dumisa, Daryne Joshua, Travis Taute
**Met:** Irshaad Ally, Ephram Gordon, Amrain Ismail-Essop e.a.

*Afrikaans met Engelse onderskrifte*

*SSF 2018: Silwerskermlens-toekenning (Nosipho Dumisa)*

Randal Hendricks is in 'n rolstoel in sy woonstel vasgekluister. Sy toegewyde meisie, Pam, gee vir hom 'n verkyker present. Randal is diep in die skuld by Emmie – 'n sadistiese geldskieter. Nadat Randal deur sy verkyker sien hoe

'n invloedryke misdadiger, genaamd Lawyer, 'n moord pleeg, probeer hy Lawyer uit desperate geldnood afpers. Dinge loop lelik skeef en Randal en Pam raak gewikkel in 'n senutergende spel om oorlewing.

**2 Maart** 18:00 | **10 Maart** 12:30
Pulp Cinema Neelsie | 100 min
R40 | R50 by die deur

Ⓐ

# WENNERS BY DIE SILWERSKERMFEES (SSF) 2018

## DIE SEEMEEU

[PREMIÈRE BY 2019 US WOORDFEES]

**Regie:** Christiaan Olwagen
**Draaiboek:** Saartjie Botha, Christiaan Olwagen
**Met:** Sandra Prinsloo, Marius Weyers, Albert Pretorius, Rolanda Marais, Deon Lotz, Martelize Kolver, Cintaine Schutte, Gerben Kamper, Geon Nel, Allyzander Fourie e.a.

*SSF 2018: Beste vroulike byspeler (Cintaine Schutte)*




Christiaan Olwagen (*Johnny is nie dood nie* en *Kanarie*) neem die klassieke teater-stuk *Die seemeeu* deur Anton Tsjechof en verplaas dit na Suid-Afrika in die 1990's, bykans 100 jaar nadat dit geskryf is. Wat merkwaardig is, is dat die karakters uiters gemaklik in hierdie nuwe tydgleuf en omgewing bestaan, amper asof hulle geskryf is met die moontlikheid van so 'n verplasing in gedagte. Elkeen van Tsjechof se volronde karakters wroeg met hul eie vrese, verlange, twyfel en frustrasies. Dit dra by tot die gevoel van vasgekeerde beklemming wat 'n vakansie op 'n familieplaas onder 'n vergrootglas plaas.

**PREMIÈRE-PARTYTJIE:** Voor die vertoning van *Die seemeeu* op Saterdag, 9 Maart, sal daar om 19:00 in die foyer van PULP Cinema 'n geselligheid met akteurs en vervaardigers wees. Almal met kaartjies na die 3 of 9 Maart-vertoning is welkom. Stuur e-pos na info@marche.media om in aanmerking vir een of twee gratis kaartjies te kom. Spesifiseer watter vertoning jy wil bywoon.

**3 Maart** 20:00 | **9 Maart** 20:00
Pulp Cinema Neelsie | 125 min
Gratis

Ⓐ

## ELLEN: DIE STORIE VAN ELLEN PAKKIES

**Regie:** Daryne Joshua

**Draaiboek:** Amy Jephta
**Met:** Jill Levenberg, Jarrid Geduld, Elton Landrew, Clint Brink, Amrain Ismail-Essop, Ilse Klink, Russel Savadier e.a.

*Drie toekennings by die SSF 2018:*
*Beste draaiboek (Amy Jephta)*
*Beste aktrise (Jill Levenberg)*
*Beste akteur (Jarrid Geduld)*

Die dood van die 20-jarige Abie Pakkies het in 2007 wêreldwyd opslae gemaak. Die ontstellendste was dat Abie se ma, Ellen, haar seun vermoor het. Toe advokaat Adrian Samuels die saak

aanvaar, was hy vasbeslote om te bewys dat Ellen Pakkies nie 'n keuse gehad het nie. Hoe word 'n ma desperaat genoeg om haar eie seun se lewe te neem? Dié rolprent, wat oor twee tydlyne afspeel, delf in die psige van 'n gesin wat in een van die armste en gevaarlikste gemeenskappe in Suid-Afrika deur dwelms vernietig word.

**1 Maart** 20:00 | **4 Maart** 18:00
**9 Maart** 10:30
Pulp Cinema Neelsie | 123 min
R40 | R50 by die deur
Ⓐ

**V&A:** Die regisseur van *Ellen: Die storie van Ellen Pakkies*, Daryne Joshua, sal saam met die vervaardigers van die rolprent, Paulo Areal en Schalk Burger, ná die vertonings van dié rolprent op 4 en 9 Maart vrae uit die gehoor beantwoord en meer vertel oor die proses om hierdie aangrypende lewensverhaal in 'n speelfilm te omskep.

**4 Maart** 20:00 | 9 Maart 13:00
Pulp Cinema Neelsie | 60 min | Gratis

## JOHNNY IS NIE DOOD NIE

**Regisseur en draaibook:** Christiaan Olwagen (gegrond die draaiboek van Malan Steyn se gelyknamige drama)
**Met:** Rolanda Marais, Albert Pretorius, Roelof Storm, Ludwig Binge, Illana Cilliers e.a.

*Agt toekennings by SSF 2016 insluitend: Beste speelfilm, Beste regisseur, Beste draaibook, Beste akteur (Albert Pretorius), Beste manlike byspeler (Ludwig Binge), Beste vroulike byspeler (Illana Cilliers)*

Christiaan Olwagen, 'n bekroonde dramaturg en teaterregisseur, maak sy debuut as fliekregisseur met hierdie rolprent oor 'n groep studentevriende in die laat 1980's in die tyd van die Voëlvry-beweging, militêre diensplig en die Grensoorlog.


*Ellen: Die storie van Ellen Pakkies*

**6 Maart** 18:00 | **9 Maart** 14:00
Pulp Cinema Neelsie | 106 min
R40 | R50 by die deur
Ⓐ

## KANARIE

**Regie:** Christiaan Olwagen
**Draaibook:** Charl-Johan Lingenfelder, Christiaan Olwagen
**Met:** Schalk Bezuidenhout, Hannes Otto, Germandt Geldenhuys, Gérard Rudolf, Jacques Bessenger, Beer Adriaanse, Anna-Mart van der Merwe, Tinarie van Wyk-Loots, Jennifer Steyn e.a.

*Ses toekennings by die SSF 2018: Beste speelfilm, Beste regisseur (Christiaan Olwagen), Beste manlike byspeler (Germandt Geldenhuys), Beste produksie-ontwerp (Rocco Pool), Beste redigering (Eva du Preez), Silwerskermlens-toekenning (Charl-Johan Lingenfelder)*

Johan Niemand word in 1984 vir militêre diensplig opgeroep en word deel van die Suid-Afrikaanse Weermag se Kerkkoor en Konsertgroep, oftewel die Kanaries. In 'n politieke era waar wet en godsdiens individualiteit onderdruk, moet die Kanaries militêre opleiding ondergaan en daarna op 'n landswye toer gaan om mense te vermaak en geloof in die kerk en weermag te versterk. Op toer ontwikkel Johan gevoelens vir 'n medekoorlid en dit laat Johan alles oor homself en sy wêreld bevraagteken.

**2 Maart** 20:00 | **10 Maart** 18:00
Pulp Cinema Neelsie | 120 min
R40 | R50 by die deur
Ⓐ

**Lesing oor die Olwagen-trilogie:** Die digter, sanger-liedjieskrywer, sosioloog en rubriekskrywer Andries Bezuidenhout besin oor die betekenis en belang van Christiaan Olwagen se drieluik – *Johnny is nie dood nie, Die seemeeu* en *Kanarie*. Ná afloop van die lesing sal daar 'n bespreking en tyd vir vrae wees.

**6 Maart** 10:30
Pulp Cinema Neelsie | 80 min | Gratis

# WENNERS BY DIE DURBANSE INTERNASIONALE FEES (DIFF) 2018

## HIGH FANTASY

**Regie:** Jenna Cato Bass
**Draaiboek:** Liza Scholtz
**Met:** Qondiswa James, Nala Khumalo, Francesca Varrie Michel e.a.

*DIFF 2018: Beste Suid-Afrikaanse speelfilm & 'n spesiale toekenning vir artistieke waagmoedigheid*

'n Multikurele Suid-Afrikaanse groep jong vriende kampeer in die afgeleë platteland en word een oggend wakker met die besef dat elkeen in 'n ander liggaam beland het. Hul ervaring van hierdie bisarre verwikkeling kan nie meer verskillend wees nie. In die wildernis moet hulle 'n weg uit 'n persoonlik politiese doolhof vind om hul vriendskap te laat oorleef. Dis 'n satiriese komedie oor 'n jong generasie se ontnugtering met die droom van 'n reënboognasie.

**2 Maart** 16:30 | **5 Maart** 20:00
Pulp Cinema Neelsie | 71 min
R40 | R50 by die deur
E

## THE REPORTS ON SARAH AND SALEEM

**Regie:** Muayad Alayan
**Draaiboek:** Rami Musa Alayan
**Met:** Maisa Abd Elhadi, Mohammad Eid, Kamel El Basha e.a.

*Arabies en Hebreeus met Engelse onderskrifte*

*DIFF 2018: Beste internasionale speelfilm en Beste aktrise (Maisa Abd Elhadi)*

Die affair van 'n getroude Palestynse man en 'n getroude Israeli vrou in Jerusalem kry 'n gevaarlike politieke dimensie wanneer hulle op die verkeerde plek op die verkeede tyd deur die verkeerde mense gesien word. Uiteindelik het hulle met baie meer as net hul gebroke huwelike te kampe. Dié verhaal, wat op ware gebeurtenisse gegrond is, bied 'n skreiende en intieme blik op die konflik tussen Israel en Palestina.

**2 Maart** 13:00 | **8 Maart** 20:00
Pulp Cinema Neelsie | 127 min
R40 | R50 by die deur
E



## THE TALE

**Regie & draaiboek:** Jennifer Fox
**Met:** Elizabeth Debicki, Laura Dern, Frances Conroy e.a.

*DIFF 2018: Beste draaiboek (Jennifer Fox) en Beste redigering (Anne Fabini, Alex Hall en Gary Level)*

Terwyl 'n vrou werk aan 'n dokumentêr oor slagoffers van kinderverkragting, begin sy die aard van haar verhoudings met haar destydse perdry-instrukteur en atletiekafrigter bevraagteken. Sy word genoop om ondersoek in te stel na vreeslike gebeure wat sy drie dekades lank onderdruk het. Hierdie outobiografiese rolprent is 'n worsteling met die seksuele mishandeling van 'n 13-jarige en die weiering van slagofferskap deur 'n getraumatiseerde persoon. Dié fliek kan sensitiewe kykers ontstel en is nie geskik vir enigiemand onder 16 nie.

**3 Maart** 16:00 | **9 Maart** 16:00
Pulp Cinema Neelsie | 114 min
R40 | R50 by die deur
E

# KORT KORTFILMS (11 MINUTE LANK)

## BAAI-BAAI JOSEF K

**Regie en draaiboek:** Marius de Bruyn
**Met:** Jaco van der Merwe

Josef K, 'n angstige man in sy vroeë dertigs besluit om te gaan draf. Ná 'n toevallige ontmoeting met 'n mededrawwer, kry hy 'n fiksheidshorlosie wat beheer word deur 'n bose digitale hasie, Bunny. Josef sit die horlosie aan en Bunny dwing Josef om te hardloop deur hom te skok wanneer hy weier. Bunny het ook toegang tot Josef se sosialemedia-rekeninge en pers hom daarmee af. Dit ontaard in 'n resies tussen Josef en die horlosie.




**1 Maart** 10:30 | **2 Maart** 12:00
**6 Maart** 14:00
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
A

## DIE LEEFTYD VAN 'N ORGIDEE

**Regie en draaiboek:** Marí Borstlap
**Met:** Wilson Dunster, Jana Cilliers

*SSF 2018:*
*Beste Kortfilm – 11 min-kortfilm,*
*Beste Regisseur – 11 min-kortfilm*

Ben rou nadat sy vrou, Emma, sterf. Die orgideë in Emma se kweekhuis is al wat hom troos. Ben probeer obsessief om die plante aan die lewe te hou, maar is onbeholpe en die orgideë begin sterf. Hy steek die dooie orgideë weg – 'n versameling van sy verlies. Die dae en maande flits verby en Ben teken elke eensame dag sorgvuldig aan. Sy wêreld word al kleiner tot hy een nag in 'n droom 'n gewaarwording beleef wat 'n sleutel tot sy uitkoms word.

**1 Maart** 10:30 | **2 Maart** 12:00
**6 Maart** 14:00
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
A

## GRYS

**Regie:** Pierre-Arnold Theron
**Draaiboek:** Kristin Pienaar, Reuben Murphy, Hendrik Nieuwoudt
**Met:** Luka Geldenhuys, Ben Albertyn, Geon Nel

Ná die dood van sy ma leef die tienerseun Xander en sy pa, Dirk, by mekaar verby. Albei rou op hul eie manier. Xander probeer vasklou; Dirk probeer weggee. Tuis is Xander alleen en die stilte oorweldigend. Sy vriend Phillip kom bied 'n skouer. Hy is op soek na wie Xander eens was. Op minder bekende plekke vind Xander ontvlugting in iets wat hul verhouding onherroeplik verander. 'n Intieme uitbeelding van 'n gesin se unieke manier van kommunikeer.

**1 Maart** 11:00 | **2 Maart** 12:30
**6 Maart** 14:30
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
A

## HAATKLOP

**Regie en draaiboek:** Ferdinand W. Gernandt
**Met:** Diani Gernandt, Zak Hendrikz, Marlee van der Merwe

Mariette skrik wakker en peul uit die plastieksak waarin sy bebloed toegedraai was. Sy is duidelik onseker van wat gebeur het en begin haar pad huis toe strompel. Haar geheue keer stadig terug en sy besluit om vergifnis te vra, maar dan betrap sy Karel met 'n ander vrou. Kan Mariette vergewe en vergeet?

**1 Maart** 11:00 | **2 Maart** 12:30
**6 Maart** 14:30
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
A

## 'N KOMBI, KAMEELPERD EN 'N CAMCORDER

**Regie en draaiboek:** Ettienne Booysen
**Met:** Lida Botha, Hannes Brümmer, Morné du Toit, Pulane Sekepe, Christel van den Bergh, Marielise van Rooyen

Wanneer Celia op haar jarelange studentevriend Armand se knoppie druk om haar ouma na haar troue te bring, kon sy haar nooit indink hoe hierdie *road trip* sou ontvou nie. Die hele komiese avontuur op pad na die troue word op haar vriend Simon se *camcorder* vasgevang.

**1 Maart** 11:30 | **2 Maart** 16:00
**6 Maart** 15:00
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
A

## KROMKIERIEFONTEIN

**Regie en draaiboek:** Milan Murray
**Met:** Sebastian Winterbach, Mia Lottering, Lisa van Niekerk, Alexia Snyders, Albert Maritz

*SSF 2018: Beste draaiboek – 11 min-kortfilm*

Op die dorpie Kromkieriefontein is alles krom. Niemand durf oor die rede praat nie of waag dit om die burgermeester se gewraakte verordening te weerspreek nie. Almal loop gedweë met hangskouers en kyk na hul voete. Almal behalwe Juffrou Kiertsregop, die flambojante graad 2-onderwyseres van Laerskool Kromkierie. Vier nuuskierige agtjariges – Dahlia, Bella en die tweeling Tienie en Tamara – onderneem 'n avontuur om uit te vind hoekom Juffrou so penorent loop. Die antwoord laat nie een van hulle onveranderd nie.

**1 Maart** 11:30 | **2 Maart** 16:00
**6 Maart** 15:00
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
A

## NAG VAN DIE ONDIER

**Regie:** Liesel Harris-Kruger
**Draaiboek:** Lika de Beer
**Met:** Jacques Wolmarans, Elsje Slabbert, Tiaan Kelderman, Liesel Harris-Kruger

In ’n onheilspellende woud vergader vriende om ’n kampvuur om stokbrood voor te berei, potjiekos te maak, pyp te stook en stories te vertel van ’n ondier wat winters gelede dié woud bewoon het. Wanneer die nag begin brul en die bome begin beef, besef die vriende die stories van die ondier was dalk nie net stories nie. ’n Onaardse spel ontvou.

**1 Maart** 12:00 | **3 Maart** 10:30
**6 Maart** 15:30
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
(A)

## ’N STERREJAG

**Regie:** Luan Jacobs
**Draaiboek:** Johan Riekert
**Met:** Ian Roelofs, Lochner de Kock

Daniël, ’n avontuurlustige seun, word daagliks betower deur ’n verhaal van ’n towenaar, ’n held en ’n draak op die maan. Dié storie speel af in die vorm van ’n skadupoppespel teen die muur van sy buurman, Jacob, se huis. Wanneer dinge op ’n dag skeefloop en dit lyk of sy skadu-avontuur bedreig word, moet Daniël al sy moed bymekaar skraap en alles in sy vermoë doen om sy storie te red.

**1 Maart** 12:00 | **3 Maart** 10:30
**6 Maart** 15:30
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
(A)

## TUISKOMS

**Regie en draaiboek:** Michael Klein
**Met:** Charis Williams, Sherman Pharo, André Roothman

Elke dag is vir Eleah ’n stryd om oorlewing. Honger, koud en alleen in die strate ontmoet sy ’n geheimsinnige vreemdeling wat haar meedeel hy weet waar haar ma is. Hy belowe Eleah om haar na haar ma te neem, waar sy nie meer kwesbaar sal wees nie. Sy is desperaat om saam met hom te gaan, maar hy het sy prys. En dis dalk meer as wat sy het om te gee. Sy plaas alles op die spel om te gee wat hy van haar eis.

**1 Maart** 12:30 | **3 Maart** 11:00
**6 Maart** 16:00
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
(A)

## UITSTAPPIE

**Regie:** SW Strauss
**Draaiboek:** Marcel Spaumer
**Met:** Annelisa Weiland, Greta Pietersen

Daar is niks soos vars lug om die kop ’n bietjie skoon te kry nie. Maar Magda is moeilik wanneer dit by uitstappies kom. Sy hou nie van gesprekke met vreemdelinge nie en weet nie of sy haar pad terug sal vind nie. Dit is ’n stryd om haar gereed te kry, maar sy het nie gereken op M nie – ’n jong, vasberade vrou wat weier om die huis sonder Magda te verlaat.

**1 Maart** 12:30 | **3 Maart** 11:00
**6 Maart** 16:00
Pulp Cinema Neelsie | 11 min
Gratis
(A)

# LANGER KORTFILMS (22 MINUTE LANK)

## AXIS MUNDI

**Regie en draaiboek:** Sean Steinberg, Matthew Jankes
**Met:** Antoinette Louw, Deon Lotz, Laré Birk, Mila Guy, David de Beer

*SSF 2018:*
*Beste kortfilm – 22 min-kortfilm,*
*Beste regisseur – 22 min-kortfilm,*
*Beste draaiboek – 22 min-kortfilm*

Die paraplegiese TV-aanbieder Nora de Vos was eens die "Koningin van Geselsprogramme". Maar met kykergetalle wat daal, wil die netwerk haar program kanselleer. Nora nooi Johan Moolman, 'n bekende geloofsgeneser wat beweer hy kan haar weer laat loop, na 'n regstreekse uitsending. Dit beloof om die TV-gebeurtenis van die dekade te wees, een wat Nora se loopbaan sal red. Terwyl die kameras rol, is die vraag op almal se lippe: Sal Johan vir Nora weer laat loop?

**1 Maart** 13:00 | **3 Maart** 11:30
**6 Maart** 16:30
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis
A

## BENJAMIN

**Regie en draaiboek:** Johannes Pieter Nel
**Met:** Crystal Donna Roberts, Albert Maritz, Charlene Leroux, Dewald Pedro

*SSF 2018: Beste tegnies – 22 min-kortfilm*

Dis die jaar 2030, 'n dekade sedert die laaste reënval in Suider-Afrika. Chantelle September, 'n Kinderwelsyn-werknemer, word na die vervalle plattelandse dele van die Noord-Kaap gestuur om sensuswerk te doen. Haar laaste opdrag neem haar na 'n desperate plaasgemeenskap onder die leierskap van 'n charismatiese grondeienaar, Tobias du Toit. Haar ondersoek laat haar met meer vrae as antwoorde, waarvan die belangrikste een ongetwyfeld is: Wie is Benjamin?

**1 Maart** 13:30 | **4 Maart** 15:00
**6 Maart** 17:00
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis
A

## BUITEPERD

**Regie:** Erik Holm
**Draaiboek:** Tony Byleveld
**Met:** Tony Byleveld, Ben Kruger, Brümilda van Rensburg, Mari Molefe van Heerden, Stefan Otto, Chris Almeida

Armand Zimmerman wil 'n akteur word, maar hy is 'n gebore verloorder en sy droom bly net 'n droom. Hy woon steeds by sy pa, Theuns, en deesdae sit pa en seun by die huis en perde speel. Theuns sterf skielik en brandarm. Armand moet sonder 'n sent op sy naam 'n begrafnis reël of tevrede wees met 'n armmansbegrafnis wat deur die staat betaal word. Dit word 'n dobbelspel teen tyd en Armand is die buiteperd.

**1 Maart** 14:00 | **4 Maart** 14:30
**6 Maart** 17:30
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis
A

## COWBOY DAN

**Regie:** Wynand Louw
**Draaiboek:** Wynand Louw
**Met:** Brendon Daniels, Reginald Hufkie, Trix Vivier, Johnny Pienaar, Morné Visser, Piet Marais, Ira Blanckenberg

*SSF 2018: Beste akteur – 22 min-kortfilm*
*Beste redigering – 22 min-kortfilm*

Kroeks steel 'n cowboy wat in 'n droomwêreld leef se beeste terwyl 'n beeldskone vrou sy aandag aflei. Maar die kroeks is kardiewe, die cowboy 'n karwag, die beeste motors, en sy muse 'n kroegkelnerin. Die diefstal stuur die stedelike cowboy op 'n tog om die kar

terug te kry en reg en geregtigheid te laat geskied. Hierdie missie lei vir Cowboy Dan deur die kriminele onderwêreld van Kaapstad, met Zancas, ’n bang bergie, as sy handlanger. Cowboy Dan is ’n herverbeelding van die klassieke Western met ’n Kaapse geur.

**1 Maart** 14:30 | **5 Maart** 14:00
**7 Maart** 10:30
PULP CINEMA NEELSIE | **22 min**
Gratis
Ⓐ

## DIE INVLOED

**Regie:** Neels Clasen
**Draaiboek:** Neels Clasen, Ricardo Arendse
**Met:** Kim Cloete, Tarryn Wyngaard, Gershwin Mias, Charlton George, Neels Clasen

Hilda Sewes se man word deur die see geneem. Sy sweer dat Milla, haar dogter, die see nooit sal ken nie. Klein Kalbas, Milla se beste maat, dra elk dag vis aan. Hilda se vermanings val jare lank op dowe ore – tot Milla se oë die ware rede vir sy besoeke verklap. Hilda is vasberade om haar dogter weg te neem om hierdie liefde tot ’n einde te bring, maar Kalbas beloof hy sal hulle volg tot aan die uithoeke van die aarde. Wat volg, bewys: Liefde ken geen perke nie.

**1 Maart** 15:00 | **5 Maart** 14:30
**7 Maart** 11:00
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis
Ⓐ

## DIE ONGENOOIDES

**Regie:** Chris Corbett
**Draaiboek:** Ruane van Rooyen
**Met:** Nicola Hanekom, Hykie Berg, Gustav Gerdener, Dylan de Beer

Die wêreld het verander en nie ten goede nie. Bertha van Wyk lewe in isolasie en is verwyder van enige menslike kontak. Niks hiervan was haar




keuse nie, maar dis die situasie waarin sy nou moet oorleef. Op die herdenking van ’n tragiese gebeurtenis, word Bertha se chaotiese lewe verder omvergegooi wanneer twee geheimsinnige vreemdelinge haar lewe betree.

**1 Maart** 15:30 | **5 Maart** 15:00
**7 Maart** 11:30 | **10 Maart** 15:00
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis
Ⓐ

## FLUIT-FLUIT

**Regie:** Hardus van Deventer
**Draaiboek:** Neeltje Swanepoel, Cindy Swanepoel, Duan Wanty
**Met:** Cindy Swanepoel, Weslee Swain Lauder

*SSF 2018: Beste aktrise – 22 min-kortfilm*

Ryne is ’n vrou van inbors en karakter met ’n buitengewone aanvoeling vir fluit. Fluit, soos in die volmaakte vorming van honderde klanke van tuinvoëls en ander geluide met behulp van asemgebruik en die perfekte plasing van haar tong. Om hierdie wonder wyer as haar eie wêreld te laat strek, huur sy ’n jong kameraspan om haar te volg in die dae wat oploop

tot 'n groot konsert. Sy is tog, soos sy self sê, Suid-Afrika se fluitfenomeen.

**1 Maart** 16:00 | **5 Maart** 15:30
**10 Maart** 15:30
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis

Ⓐ

## KLOOF

**Regie en draaiboek:** Gerhard Pretorius
**Met:** Llewellyn van der Berg, Jurgen Romario McEwan, Erica Wessels, Louw Venter

Dit is ontgroeningsweek op kampus. Dawid en sy mede-koshuisseniors gee vir Siyanda en die ander eerstejaars hel. Die doop bou op tot een laaste uitdaging: om ingesweer te word moet hulle by 'n kloof opstap en vanaf 'n hoë krans in 'n rotspoel spring. Maar Siyanda is te bang en Dawid moet hom oortuig. Weke later, wanneer Dawid en Siyanda saam na hul tuisdorp terugkeer, word dit duidelik dat die twee ou vriende se verhouding ná die ontgroening nooit weer dieselfde sal wees nie.

**1 Maart** 16:30 | **5 Maart** 16:00
**10 Maart** 16:00
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis

Ⓐ

## NAMA-SWAAN

**Regie en draaiboek:** Jason Jacobs
**Met:** Joshua Vraagom, Celeste Mathews, Kaylin Coetzee, Quinton Manuels, Jeffrey Moss

Drie jaar ná Willie se oupa in 'n mynramp dood is, het hulle 'n nuwe lewe op 'n plaasdorp begin, ver weg van die verlede. Willie is in matriek en wil wiskunde studeer, maar sy ouma weier om sy beursaansoek te teken. Sy plan: bereken 'n som om die volstruis, wat sy ouma in 'n hok aanhou, te laat vlieg vóór hy op die plaas as doodgewone arbeider eindig. Terwyl hy worstel, besoek 'n magiese Nama-oerstem hom en word dit die wind onder sy vlerke na vryheid. Geïnspireer deur Tsjaikofski se Swanemeer.

**1 Maart** 17:00 | **5 Maart** 16:30
**10 Maart** 16:30
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis

Ⓐ

## NON(KOMPOS)MENTIS

**Regie:** JP Pienaar
**Draaiboek:** Burger Meyer (gegrond op die gelyknamige kortverhaal deur Clari Niemand)
**Met:** Jenna Dunster, Francois Jacobs, Charlie Bouguenon, Hanli Rolfes

Karla is 'n huisvrou, ma en eggenoot. Haar liefde vir tuinmaak hou haar *compos mentis*. Dit is waar sy, al is dit net vir 'n rukkie, kan ontsnap van die werklikheid. Die goedhartige Karla gee kos aan 'n boemelaar, maar haar konserwatiewe man, Robert, is daarteen gekant. Hy glo bedelaars is nie hulle verantwoordelikheid nie. Dan word Karla se roetine-bestaan omvergegooi wanneer iets ondenkbaars met haar gebeur. Net haar speurder-tweelingbroer kan haar help. 'n Verhaal oor die onvoorspelbaarheid van die wêreld.

**1 Maart** 17:30 | **5 Maart** 17:00
**10 Maart** 17:00
Pulp Cinema Neelsie | 22 min
Gratis

Ⓐ



*100% Stellenbosch*

# DOKUMENTÊRE FILMS

## 100% STELLENBOSCH

**Regie:** Sanet Olivier (Homebrew Films)

Hoe dink, voel en hoop Stellenbosch in al sy teenstrydighede? In 2018, die 100ste bestaansjaar van die Universiteit Stellenbosch, het die teaterproduksie *100% Stellenbosch* hierdie vrae nagespeur onder leiding van die Berlynse groep Rimini Protokoll. In 'n deelnemende teaterstuk het 100 Stellenbossers, verteenwoordigend van die dorp se demografie, in 'n bewegende sirkelgrafiek vrae oor 'n verskeidenheid kwessies beantwoord. Hierdie blik in Stellenbosch se vele koppe en harte is op film vasgelê en word in dié dokumentêr gekombineer met onderhoude met die deelnemers en Berlynse teatersmakers.

**4 Maart** 17:00 | **9 Maart** 18:00
Pulp Cinema Neelsie | 90 min
R40 | R50 by die deur (A) (E)

## THE COLOUR OF WINE

**Regie:** Akin Omotoso

Dié film kyk na die geskiedenis van die Suid-Afrikaanse wynbedryf deur die lens van 'n eerste generasie swart wynmakers en -verkopers. Die verhale van vier swart wynmakers, wat aan die Universiteit Stellenbosch studeer het, word versny met onderhoude met wyndeskundiges van dwarsoor die wêreld om die groter storie te vertel van passievolle mense wat glas vir glas die wynbedryf verander. Die regisseur se werk sluit bekroonde films in, onder meer *God is African*, *Man on Ground* en *Vaya*.

**4 Maart** 15:30 | **7 Maart** 17:00
Pulp Cinema Neelsie | 69 min
R40 | R50 by die deur (E)

**Praatjie:** 'n Gesprek met van die swart wynmakers in *The Colour of Wine* oor transformasie in die wynbedryf en hul ervarings as baanbrekers in dié veld.

**7 Maart** 19:00
Pulp Cinema Neelsie | 50 min
Gratis

## EXORCIST OF APARTHEID

**Regie:** Adam Heyns en Willem van den Heever

Johan Adam Heyns word op die aand van 5 November 1994 in sy huis in Pretoria, terwyl hy met sy kleinkinders kaart speel, deur 'n sluipskutter doodgeskiet. Het Heyns die hoogste prys betaal vir sy weerstand teen apartheid binne die NG Kerk van die laat tagtigs? Sy kleinseun Adam kyk in 2018

na die VHS-kassette wat hy by sy ouma gekry het, in ‘n woonstel in Parktown. Dis alles argiemateriaalf van sy oupa. Adam is jonk, bevoorreg, ’n jong Afrikaanse filmmaker op soek na dele van sy identiteit en erfenis waarin daar nie noodwendig vryskelding van skuld lê nie, maar tog ’n gedeelde verantwoording.

**5 Maart** 17:30 | **8 Maart** 10:30
**10 Maart** 17:30
Pulp Cinema Neelsie | 20 min
Gratis (A)

## THE FUN’S NOT OVER – THE JAMES PHILLIPS STORY

**Regie:** Michael Cross

*Gesamentlike wenner van die 2018 Encounters Backsberg Audience Award vir ’n Suid-Afrikaanse/Afrika-film*

James Phillips was die pionier van ’n nuwe spesie Afrikaanse rock, hoewel hy Engels was. Sy plaat *Wie is Bernoldus Niemand?* (1985) was die vonk vir die Voëlvry-musiekrevolusie, maar kort voor sy ontydige dood in 1995 was hy besig met ander ambisieuse projekte, onder meer die toneelstuk *Faustus in Africa* as medewerker van William Kentridge. Hierdie intieme rock-dokkie oor sy lewe het bydraes deur Johannes Kerkorrel, Lloyd Ross, Pieter-Dirk Uys, Zapiro, die Radio Rats se Jonathan Handley, Vusi Mahlasela en verskeie ander.

**1 Maart** 18:00 | **6 Maart** 20:00
Pulp Cinema Neelsie | 101 min
R40 | R50 by die deur (E)

## GOLDBLATT

**Regie:** Daniel Zimbler, Josh Ginsburg

Die internasionaal gevierde fotograaf David Goldblatt is op 25 Junie 2018 aan kanker oorlede. Hierdie visuele reis wys hoe indrukwekkend sy werk reeds die toets van die tyd deurstaan het. Dié dokumentêr is kort voor sy dood gemaak en sluit onderhoude met Nadine Gordimer, Marlene van Niekerk en William Kentridge in. Dit is ’n meditasie oor identiteit, plek en verlange binne die komplekse werklikhede van Suid-Afrika. Sy foto’s op die grootdoek is ’n aangrypende ervaring.

**2 Maart** 10:30 | **8 Maart** 12:00
Pulp Cinema Neelsie | 81 min
R40 | R50 by die deur (E)

## GURRUMUL

**Regie:** Paul Damien Williams

Die Aborigine-sanger-liedjieskrywer Geoffrey Gurrumul Yunupingu is een van Australië se uniekste en mees gevierde stemme. Dié skaam, blind-gebore kunstenaar het sy betekenis gevind in musiek geïnspireer deur sy tradisionele gemeenskap, die Yolngu-stam. Drie dae nadat Gurrumul dié dokumentêr goedgekeur het, is hy op die ouderdom van 46 oorlede. Dit is die verhaal van ’n kunstenaar op die rand van ’n internasionale deurbraak, wat probeer om ’n balans te vind tussen die strewe na ’n stil lewe en die eise van ’n loopbaan in die kollig.

**5 Maart** 12:00 | **10 Maart** 10:30
Pulp Cinema Neelsie | 96 min
R40 | R50 by die deur (E)

## NOT IN MY NEIGHBOURHOOD

**Regie:** Kurt Orderson

*Gesamentlike wenner van die 2018 Encounters Backsberg Audience Award vir ’n Suid-Afrikaanse/Afrika-film*

Gentrifikasie word gepropageer as ’n proses van sosiale hernuwing. Die gevolglike verskuiwing van mense, konflik en verlies aan bekostigbare

behuising lei egter tot heftige weerstand in gemeenskappe. Dié bekroonde filmmaker gee hier insae in die lewens wat deur gentrifikasie, stadsvernuwing en argitektoniese apartheid ontwrig word. Hy fasiliteer 'n internasionale gesprek deur die ooreenkomste in die huidige stedelike ontwikkeling van drie skynbaar heel verskillende metropole te verken: São Paulo, Kaapstad en New York.

**5 Maart** 10:30 | **8 Maart** 16:00
Pulp Cinema Neelsie | 87 min
R40 | R50 by die deur
E

## SISTERS OF THE WILDERNESS

**Regie:** Karin Slater

*DIFF 2018: Beste Suid-Afrikaanse dokumentêr*

Vyf jong Zoeloe-vroue uit minderbevoorregte omstandighede onderneem 'n selfontdekkingsreis in die iMfolozi-wildernis. Só leer hulle meer van natuurbewaring, hul Zoeloe-voorouers, die krisis van renosterstropery en die ernstige bedreiging wat die groeiende steenkoolmynbedryf aan die reservaat se grense inhou. Dié dokkie is 'n ode aan die natuurskoon van die iMfolozi én die verhaal van 'n merkwaardige pelgrimstog.

**4 Maart** 12:30 | **6 Maart** 12:00
Pulp Cinema Neelsie | 103 min
R40 | R50 by die deur
E

## THE STATE AGAINST NELSON MANDELA AND THE OTHERS

**Regie:** Nicolas Champeaux, Gilles Porte

*DIFF 2018: Audience Choice-toekenning*

Nelson Mandela, wat in 2018 'n honderd jaar oud sou word, het die wêreldverhoog betree gedurende die Rivionia-verhoor in 1963 en 1964. Die doodstraf het egter agt ander saam met hom in die gesig gestaar. Saam het hulle die apartheid-regime ook in die beskuldigde bank gedwing. Dié dokkie gebruik onderhoude met oorlewende ooggetuies en aangeklaagdes sowel as animasiekuns en argiefmateriaal wat onlangs herwin is, om kykers tot in die hitte van die destydse hofstryd te verplaas.

**4 Maart** 10:30 | **7 Maart** 12:00
Pulp Cinema Neelsie | 105 min
R40 | R50 by die deur
E

## WHISPERING TRUTH TO POWER

**Regie:** Shameela Seedat

In hierdie boeiende dokumentêr volg die filmmaker en menseregte-advokaat Shameela Seedat Suid-Afrika se eerste vroulike Openbare Beskermer, Thuli Madonsela, in haar laaste ampsjaar. Kykers sien hoe verbete sy 'n tweede saak teen die voormalige president Jacob Zuma probeer bou. Ondanks valse beskuldigings van spioenasie, vernedering in die parlement en verskeie doodsdreigemente beur sy voort. Die film wys Madonsela se staal en gee insae in haar gesinslewe en die mense en ervarings wat haar gevorm het.

**3 Maart** 14:00 | **5 Maart** 18:00
**8 Maart** 14:00
Pulp Cinema Neelsie | 88 min
R40 | R50 by die deur
E

**Praatjie:** Thuli Madonsela gesels met die filmmaker Shameela Seedat oor die dokumentêr ***Whispering Truth to Power*** en oor waar ons nou, ná Zuma, staan.

**8 Maart** 15:00
Pulp Cinema Neelsie | 50 min
Gratis